

Hoofstuk van die dag: 2 Konings 13

Die Here was hulle genadig en het Hom oor hulle ontferm. Hy het Hom na hulle gewend ter wille van sy verbond met Abraham, Isak en Jakob. Hy wou hulle nie vernietig nie; Hy het hulle tot nou toe nie verwerp nie. (vers 23)

Die berigte oor die konings van Israel klink amper eentonig. Van elke daaropvolgende koning word gesê “hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here” (in hierdie hoofstuk: vers 3 en 10). En tog het die Here aan die hand van Elisa baie meer wonders gedoen en uitkoms bewerk as vir die konings van Juda. Die enigste verklaring hiervoor is dat die Here Hom oor Israel ontferm het (vers 23). Hierdie swartskaap-volk het telkens hulle rug op die Here gedraai, maar die Here het hulle nie verwerp nie.
Dit bring rus in my gemoed as ek dink oor my eie pad met die Here, wat ook nie altyd is soos dit hoort nie. Ek is immers ’n verbondskind. Die doop bevestig dit: ek is Syne! Andersyds gee dit my hoop vir vriende en dierbares wat nie glo nie. As die Here geduld gehad het met Israel van ouds, sal Hy dit tog sekerlik ook hê met mense wat vandag sukkel om te glo.



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom

Hoofstuk van die dag: 2 Konings 12

> *Hulle het nie die manne laat boekhou van die geld wat hulle aan hulle betaal het nie. Dit is aan die voormanne gegee wat die werk eerlik uitgevoer het. (vers 15)*

Daar het ’n groot verslaentheid en verlange oor my gekom toe ek dié gedeelte gelees het. Dat ’n hele werkmag só met eerlikheid en integriteit kon werk en dit nie eers nodig was om hulle uitgawes te kontroleer nie, is in ons wêreld (Suid-Afrika) byna ondenkbaar.
Ons land is siek en verrot van bo tot onder, en word daagliks al verder rot en kaal gesteel. Selfs skole en hospitale loop deur, om nie te praat van korrupsie op elke vlak nie. Eerlikheid en betroubaarheid is ’n baie skaars eienskap.
Die versoeking is groot om ook deel van dié bedenklike “kultuur” te word. Almal maak so, hoekom sal ek nie ook nie? Dis natuurlik die stem van Satan wat met jou kop smokkel. Ons is kinders van God. Ons lewe volgens ’n ander stel reëls. Ons is vreemdelinge en bywoners op aarde (1 Pet 2:11-12). Ons roeping is om die lig en die sout te wees, het Jesus mos gesê (Matt 5:13-16). Só vat ons ons land stukkie vir stukkie terug uit die kloue van Satan.



Hoofstuk van die dag: 2 Konings 11

Toe het Jojada die jong koning vorentoe laat kom, hom gekroon en die koninklike volmag aan hom oorhandig. So het hulle hom koning gemaak. Hulle het hom gesalf, hande geklap en geroep: “Lank lewe die koning!” (vers 12)

Agab en Isebel het ’n dogter Atalia gehad, die ma van koning Ahasia van Juda. Sy het Jehu se bloedbad vrygespring. Toe haar seun en ander prinse uit Juda (2 Kon 10:13-14) aan Jehu se hand sterf, was daar nie ’n logiese troonopvolger nie. Atalia het toe al die oorblywende aanspraakmakers op die troon (wat natuurlik haar eie kleinkinders ingesluit het) laat vermoor en beheer oor die land oorgeneem.
Dit sou die einde van die Dawidiese dinastie beteken het, was dit nie vir die dapperheid van Ahasia se suster Jehoseba nie. Sy het Joas, ’n jaaroud seuntjie van Ahasia, in die tempel weggesteek en ses jaar lank daar grootgemaak, totdat hy oud genoeg was om koning te word met die hulp en leiding van die priester Jojada.
Dit klink byna soos ’n sprokiesverhaal waarin ’n weerlose prinsie deur sy tannie gered word van sy eie bose koningin-ouma. Maar dit is die ware verhaal van God aan die werk om sy belofte aan koning Dawid na te kom. God is getrou!



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant

Hoofstuk van die dag: 2 Konings 10

So het Jehu die Baäldiens uit Israel verdelg. (vers 28)

Daar is verskillende maniere om na Jehu se optrede te kyk. Die skrywer van 2 Konings was redelik positief oor hom, omdat hy Israel van die huis van Agab en die Baäldiens bevry het. Volgens die skrywer was die Here tevrede met wat gebeur het (vers 30). Hy voeg egter by dat Jehu die Here nie heelhartig gehoorsaam het nie en steeds Jerobeam se kalwerdiens in stand gehou het (vers 31). Die feit dat die Here toegelaat het dat Israel se grondgebied kleiner geword het (vers 32) spreek ook boekdele.

'n Honderd jaar later het die profeet Hosea opgetree, en hy huiwer nie om Jehu se optrede skerp te veroordeel nie. Hy sê die Here gaan die koningshuis van Jehu laat boet vir die bloedbad in die stad Jisreël (Hos 1:4).

Mense sê maklik die Here is in die Ou Testament 'n bloeddorstige God wat dikwels moord en doodslag beveel het. In die lig van die stryd om die behoud van die aanbidding van Jahwe te midde van die verleiding van die Baäldiens en ander Kanaänitiese afgode, is dit nie so 'n eenvoudige saak nie. Klaarblyklik was die bloeddorstigheid van 'n man soos Jehu nie

vir God aanvaarbaar nie.



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

Hoofstuk van die dag: 2

Konings 9

> *Hulle het na Jehu toe gery en by hom gekom by die stuk grond van Nabot die Jisreëliet. (vers 21)*

Elia en Nabot – teen dié tyd is albei al geruime tyd dood – se skaduwees val oor die hele hoofstuk. Elia was die verpersoonliking van die Here se stryd teen die huis van Agab en die Baäldiens wat hy en sy vrou Isebel in Israel ingevoer het, en Nabot was die slagoffer van Agab se gierigheid. Uiteindelik was die moord op Nabot en sy hele familie die laaste strooi wat God se oordeel oor Agab en sy nageslag gebring het (1 Kon 21:19). Die ongelooflike is dat Agab op dié oordeel van die Here hom voor God verootmoedig het, sodat die Here die oordeel tot ná Agab se dood teruggehou het (1 Kon 21:29). ’n Mens kan aanvaar dat dieselfde sou gebeur as sy nageslag (en Isebel) ook tot inkeer gekom het, maar hulle het nie.
God slaap nie. Die een of ander tyd haal sonde ’n mens in, soos hierdie hoofstuk dit uitskreeu. Ons aanbid ’n wonderlike God, maar Hy is ook regverdig en trou aan sy woord. Hy laat nie met Hom spot nie.
By Jehu en sy aandeel om God se oordeel te voltrek, kom ons môre.

- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien

Hoofstuk van die dag: 2 Konings 8

> *Elisa het geantwoord: “Die Here het aan my geopenbaar dat jy koning oor Aram sal word.” (vers 13)*

Ons is nou vir alle praktiese doeleindes by die einde van die Elia-Elisa verhale. Elisa voer die tweede laaste opdrag uit wat nog uit die tyd van Elia kom, naamlik om Gasael tot koning oor Aram aan te kondig (vgl 1 Kon 19:15-17). Sy laaste taak was om Jehu tot koning oor Israel te laat salf (2 Kon 9:1-3).
’n Mens kan jou nogal verwonder dat Elisa selfs buite Israel moes optree. Maar dan, die God van Israel is nie beperk tot Israel wat sy werksterrein en heerskappy betref nie. Hy heers oor alle volke en konings, en kan sy doel bereik, ook deur nie-Israeliete.

Vir Elisa was dit ’n bitter pil, want Gasael sou nie goed wees vir Israel nie (vers 12). Later sou Johannes die boodskap van die Here wat deur hom oorgedra moes word, beskryf as soet in die mond, maar bitter in die maag (Op 10:9-10). Dit is van ons ook waar. Die Woord van God is ’n vreugde om te oordink, maar dit vra dikwels van ons om standpunte in te neem of dinge te sê wat jy liewer sou wou los, soos Elisa.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026